96.1 OVERVAAL STEREO

GEE JOU OOR AAN AFRIKAANS!

Nuusbrief

Posbus 934, Viljoenskroon
Faks:082 235 0871, E-pos:96.1@overvaalstereo.co.za, Webblad: www.overvaalstereo.co.za

Overvaal Stereo is jou gunsteling gemeenskapstasie

Jan/Feb 2008

- *Select Musiek*
- *Ateljeegaste*
- *Martin Lane nuwe CD*

Overvaal Stereo saai nou ook op die internet uit.

Dana Winner Platinum Toer met Gerrie Pretorius as spesiale gaskunstenaar: Bl. 5

Uit die kantoor....

MELANIE VON STEEN: Stasiebestuurder

Liewe Luisteraar,

Vanjaar se tema by Overvaal Stereo gaan "Jubel" wees. Ons gaan bly wees en ons dankbaarheid bewys want teen Desember 2008 is ons reeds 15jaar op die lug. En wat 'n 15jaar was dit nie.
Ons beplan heelwat groot geleenthede om die jaar in te lei na die vyftien jaar en volgende jaar in 2009 behoort ons behoorlik opgewarm te wees sodat ons lekker fees kan vier.

Datums wat reeds vas is, is ons damestee wat vanjaar met die tema Toeka op die 16de Augustus gaan plaasvind. Ons gaan weer probeer om u asems weg te slaan maar vanjaar met die tong in die kies. Jy moet sommer nou al jou plek bespreek sodat jy seker is jy kry plek sodra die kaartjies beskikbaar is. As jy 'n dame in jou streek wil benoem as dame van die jaar het jy nou die geleentheid. Kyk om jou rond en soek die engele onder ons wat werk om die gemeenskapte bevorder sonder om iets in ruil te verwag. Dis waarna ons soek. Stuur jou voorstel na ons. (Met jou motivering natuurlik.) Die reel is net dat die dame wat genomineer is dit nie mag weet nie. Ons wil nie graag dames wat hard werk teleurstel nie.

Vanjaar is dit egter ook tyd om aansoek te doen vir ons volgende lisensie. Ons benodig almal se hulp. Woon asb. ons vergaderings by en sluit aan by ons klub. Dit is die heel belangrikste bydraes wat u kan lewer. Ons benodig so 5,000 lede om ons statistieke mee uit te werk en luisteraars betrokkenheid mee te bewys. So as jy elke dag lekker na die stasie luister, van die musiek hou, aan die programme deelneem, glo ek dat R10.00 per maand nie te veel gevra is nie. Dan mag jy natuurlik aan al ons kompetisies ook deelneem en siedaar jy wen jou ledegeld in 'n japtrap terug.

Dankie vir julle bydrae tot hier en so ook vir die jare wat voorlê. Dit is lekker om sáámons taal, kultuur en godsdiens te bevorder. Kom ons hou dit wat ons s'n is veilig en in stand!

Groete, Melanie.

Pitkos!

Soveel keer het ek u op die lug die gedagte met u gedeel dat van die belangrikste lewensvaardighede wat ons nodig het, gebed en blydskap is. Dit bring ons, en die wat langs die pad met ons te doen kry, in kontak met GOD. En GOD is waaroor alles gaan. Tog lyk dit asof ons die vaardighede net nie onder die knie kan kry nie. Op die eerste Januarie het mense reeds weer met lang gesigte rondgeloop. Hulle het alreeds weer met hulle geliefdes baklei en hulle oorgegee aan die bekommernisse oor die jaar wat kom.

Waaroor gaan die rusies. Mense wat nie met mekaar saamstem nie. Mense wat mekaar nie 'n plekkie in die son gun nie. Mense wat alles wil hê soos wat hulle dit wil hê en nie omgee of ander daardeur seerkry nie. Hulle baklei tot hulle het wat hulle wil hê of hulle beskuldig ander vir die feit dat hulle nou skielik so "swaarkry". Hulle aanvaar die rol van die verontregte, die arme slagoffer die hele saak. So tussendeur verloor hulle perspektief en kan hulle nie die ander een se kant van die saak raaksien nie. In die proses raak hulle al verder van GOD verwyderd, Hulle kan later ook nie meer GOD se stem hoor nie. Dis dan wanneer jy uitsprake hoor van mense wat egbreek pleeg en verklaar dat dit God se wil in hulle lewe is. Hulle sê selfs vir God dankie. As hulle, hulle egter afsonder en met God bemoeienis maak, en na Sy wil vra, tyd neem om voor God stil te word, sal hulle dalk Sy stem duideliker hoor. God sal nooit dit wat hy haat goedkeur nie. Nie eers ter wille van dié wat so belangrik in hulle eie oë is nie. By God is reg, reg en verkeerd is verkeerd. God wil nie dat mense seer en ongelukkig is nie. God trap nie op mense nie en hy sal dit verseker ook nooit goedkeur nie. As jou optrede dus ander mense verniel en verpletter het jy rede om stil te word voor God en in gebed 'n paar vrae van God te beantwoord. Ja, u het reg gelees, te beantwoord - nie te vra nie. Dit gaan nie oor jou nie…Dit gaan oor wat God se wil is.

Dit beteken nie dat ouers alles aan hulle kinders moet gee wat hulle wil hê sodat hulle tevrede kan wees nie. Veral enkelouers trap in die slaggat, want hulle wil so graag aan die wêreld bewys dat hulle, hulle kinders kan versorg. Hulle wil…..hulle is so bang hulle kinders gaan bly by die ander ouer en dan sal die wêreld dink hulle is slegte ouers. Wat is egter reg vir die kinders? Dissipline. 'n Vaste ja en 'n vaste nee. Anders dink die kinders hulle moet verantwoordelikheid aanvaar vir alles en die las is te groot. God het wette daar geplaas waarby ons moet hou. Omdat hy wil hê dat ons moet weet tussen watter grense ons mag beweeg. Dit bring geborgenheid. So, om hulle te bederf beteken presies wat die woord sê, om sleg te maak. God plaas hierdie verantwoordelikheid op ons skouers en hy doen dit in liefde. Almal van ons weet wat reg en wat verkeerd is. God het nie nodig om dit uit te skree nie. Dit beteken nie dat Hy nie ferm optree nie. Hy sal doen wat nodig is om ons op die regte pad te hou. Ons het die keuse om ons aan die dissipline te onderwerp of om dit te verwerp . Die gevolge van ons keuses is egter ook ons s'n.

Liefde. Vir God bo alles en vir jou naaste soos jouself. Dit is die samevatting van die gebod. En jy weet hoe om dit te gehoorsaam - net een manier, deur gebed. Gebed kan egter nooit suksesvol wees as daar nie 'n liefdesverhouding tussen jou en God is nie. Jy kan ook nie vir iemand lief wees wat jy nie ken nie. Jy kan God leer ken deur op te let na Sy wil in jou lewe en deur tyd saam met Hom deur te bring. As jy eers besef hoe groot Sy liefde vir jou is en jy begin verstaan dat hy tot uiterstes sal gaan om jou op die regte pad te hou, al beteken dit om nie altyd jou sin te kry nie, kom die liefde spontaan. Jy moet leer dat ondankbaarheid eintlik ongeloof is en ongeloof lê in dit wat ons nou net vir mekaar gesê het. Is jou wil belangriker as God s'n? Maak jy moeite om God se wil raak te hoor? Is jy bereid om aan God ondergeskik te wees? Stel jy meer belang in 'n verhouding met die wêreld as met God?

So kan die vrae aangaan. Beoefen die twee belangrikste lewensvaardighede, gebed en vreugde.
Welkom in 2008. "n Jubeljaar lé voor!

Ateljeegaste

Marecia en Hessel van der Walt. Sy nuwe laserskyf gaan nuwe rekords opstel

Gerald Fourie, Paul Alberts en Prof Andries Raath het Professor Raath se boek, 'n Stryd om Vryheid, kom bekendstel

Johannes Maree van Vredefort se praatjie oor vrees was 'n treffer

Charl en Riëtte
Baie geluk met die verlowing

Tydens 'n toekenningsaand by EMI is Overvaal Stereo vereer met toekennings vir Steve Hofmeyer se CD Waarmaker (platinum), Leon Schuster se "Hier kommie Bokke 2" (platinum) en Nadine se album "Mense soos jy" (goud).

Hier ontvang Jacques die Platinum-toekenning vir Waarmaker by Ian Bossert van EMI

Kersfeeslekkerte.

Tannie Anna Harmse bak elke jaar vir Overvaal die lekkerste vrugtekoek wat net voor Kersfees persoonlik by die ateljee afgelewer word. Vanjaar was geen uitsondering nie. Weer die allermooiste vrugtekoek. Hierdie keer kompleet met kersfeesballe van sjokolade gemaak.
Tannie Anna en oom Stoffel,
ons is bederf. Baie dankie!

Ian Malherbe

Van tyd tot tyd kom maak studente 'n draai by ons en leer ons hulle so 'n ietsie van die uitsaaiwêreld. Ian Malherbe is 'n tweedejaarstudent in Bemarking en Skakelwese by Centurion Akademie in Klerksdorp.

In Desember het hy die Overvaal Stereo-nuuskantoor aangedurf en almal was aangenaam verras met sy skerpsinnigheid en positiewe bydrae. As al hulle studente so oulik is moet dit 'n lekker plek wees om te studeer. Volgende keer leer ons hom om uit te saai.

Hier is 'n lekker fotobeeld van sy manewales.

Matrikuleer in 2006 te Stilfontein Hoërskool.

Geniet 'n wye verskeidenheid musiek en luister veral na Rock-musiek, maar sodra niemand kyk nie luister hy na sy Nadine en Carike Keuzenkamp laserskywe.

Lees graag en geniet veral Woody Allen se skryfstyl.

Versamel ook ou "comic"-boeke (bv. Spiderman, Batman) asook skaars musiek memorabilia.

Lewensleuse: "When in doubt, go without!"

So sê hy:

"Ek het my tyd by Overvaal baie geniet en baie geleer by die vriendelike hulpvaardige personeel hier."

DANA WINNER SE PLATINUM WÊRELD TOER MAAK 'n DRAAI IN SUID-AFRIKA!

BESPREKINGS: COMPUTICKET (011) 340 8000 www.computicket.com
GROEPE MEER AS 20 @ AFSLAGPRYSE: CECILE (011) 815-3000 / 073 300-5525

Dana Winner, internasionaal beroemde sangeres, se loopbaan het eers in België, Nederland en Duitsland vlam gevat, voordat Suid-Afrikaners haar vir die eerste keer in 2004 sien optree het. 'n Reeks treffers en albums het die lig gesien, waarvan sommige vir maande op die top-trefferlyste was. Met meer as 1.8 miljoen albumverkope wêreldwyd - waarvan 312 duisend eenhede in Suid-Afrika alleen verkoop is - het Dana Winner binne 'n oogwink een van Europa se gewildste sangeresse geword.

Die album, "Unforgettable", was 'n treffer in Duitsland, Denemarke en Swede, en het ook 'n hele aantal toekennings in Suid-Afrika en België ontvang. "Beautiful Life", ook 'n internasionale sukses, was Dana se eerste popalbum.

Haar heel eerste platinum-album, 'n spesiale 3-CD geskenkpak met al haar gewildste treffers, is onlangs vrygestel om met haar Platinumtoer - wat vanaf Oktober tot Januarie in Europa plaasvind - saam te val. Suid-Afrikaners sal beslis nie agterweë gelaat word nie en Dana Winner sal in Maart 2008 landswyd hier optree.

You Go Entertainment, 'n gesamentlike onderneming tussen Hugo Foets, Dana se internasionale agent, en Frans Swart, besturende direkteur van Lefra Produksies (alombekend vir suksesvolle produksies soos "Groet die Grotman"), is verantwoordelik vir die Suid-Afrikaanse been van Dana Winner se Platinumtoer in Maart. Sun International het ingestem om as vennoot op te tree en die Dana Winner Platinum Konsertoer lansdwyd te ondersteun. Volgens Hugo Foets het Dana daarop aangedring om so na as moontlik aan al die mense van Suid-Afrika gebring te word. "Dit het onder meer behels dat kleiner dorpe soos Kimberley, Oos-London, Grahamstad, Klerksdorp, Potchefstroom, ens. nou by die toerprogram ingesluit is. Frans Swart en sy span se ondervinding en kennis van die Afrikaanse mark het grootliks tot ons vertroue bygedra om 'n verbintenis rondom hierdie toer en toekomstige projekte aan te gaan."

Frans Swart is openlik opgewonde oor dié toer. "Dit is werklik 'n eer om die vertroue van Dana se internasionale agent te hê. Die feit dat Dana nie net in groter stede soos Johannesburg, Pretoria, Bloemfontein, Durban en Kaapstad sal optree nie, getuig ook van haar liefde vir Suid-Afrikaners. Kleiner dorpe kry selde die geleentheid om sterre te verwelkom en Dana maak dit nou moontlik vir aanhangers om Dana in hulle tuisdorpe te ontvang en nie meer lang afstande te reis om haar in lewende lywe te sien nie."

Destyds aangestel as die Provinsie van Mpumalanga se internasionale toerisme-ambassadeur, het Dana spesiaal versoek dat haar Suid-Afrikaanse toer in Mpumalanga begin. Die sangeres sal vergesel word deur haar orkes van vyf lede en aanhangers kan uitsien na 'n uitstekende ligskouspel (spesiaal vir die Platinumtoer ontwikkel), asook klanktoerusting van formaat.

Kaartjies sal vanaf 3 Desember 2007 by Computicket beskikbaar wees. Skakel Computicket by 083-915 8000 of besoek die webtuiste www.computicket.com. Indien groepbesprekings vir meer as 10 persone gedoen word, sal kaartjies teen verminderde pryse aangebied word. Skakel Cecile Kleyn by (011) 815-3000.

Besoek die webtuiste www.danawinner.com vir toerdatums en meer inligting oor die Dana Winner Platinumtoer.

Gerrie Pretorius: SPESIALE GASKUNSTENAAR PLATINUMTOER

Multi-toekenning wenner en top album verkoper Gerrie Pretorius is deur die internasionale sangsensasie Dana Winner gevra om haar te vergesel as 'n spesiale gaskunstenaar op haar 20 dae Suid-Afrikaanse konserttoer in Maart.

Gerrie Pretorius is een van Suid-Afrika se gunsteling kunstenaars. Sy nuutste album "Ek sing vir jou Bles" het 'n asemrowende 75 000 albums verkoop (platinum-status). Met vyf platinum albums op sy kerfstok is Gerrie een van Suid-Afrika se top verkopers.

Gerrie se populariteit neem ook oorsee dramaties toe. Behalwe vir sy suksesvolle optredes in Brittanje, Amerika en Australië, geniet Gerrie 'n besonderse groot aanhang in Nederland en Duitsland, veral met die ondersteuning van die vervaardiger en mentor George The, een van die oorspronklike lede van die supergroep "The George Baker Collection". Dit was juis gedurende een van Dana se optredes in Nederland (voor 'n gehoor van 25 000) dat Gerrie en Dana vir die eerste keer ontmoet het.

Select Musiek toekenning

Edwill van Aarde en Johan

Natasha en Willie Joubert

Joost, Amor en Johan Bezuidenhout

Jacques en Arno by Joost en Amor

Jacques by Nicholas Louw

Carlo by Nicholas Louw

Kobie en Melanie, sy vrou, van Vonk

Deel van IFM se span

Bo:
Melanie oorhandig toekenning

Tydens Select Musiek se verjaardagpartytjie in Desember 2007 het Overvaal ‘n spesiale toekenning aan Select Musiek gemaak om dankie te sê vir:

1. Hulle volgehoue ondersteuning van Suid Afrikaanse musiek - Afrikaans in die besonder en
2. Vir hul volgehoue ondersteuning van Gemeenskapsradio in die besonder Overvaal Stereo

Onse Lydia

Laat die wiele rol

Skindernuus oor die Badplaas-vakansie

Mieta Myburgh: Fanie sê al wil julle my inpak, al wil julle my saamneem,ek is getroud. Jy mag darem styf langs my staan vir die foto. Liefde maak dat ek jou darem kortstondig sal verdra.

Marina de Vries: Om so 'n moeilike klomp te laat koorsing, veral as hulle dan danspassies op "As die rol daar afgelees word" uithaal, breek nogal 'n mens se moed en spoed.

Francis Pienaar: Dit is net so 'n goeie leidster wie haar emosies so kon beteuel en haar "pose" so goed kon hou. Bravo!

Alet Rostoll en Jan Greeff : Onafskeidbaar dierbaar. Toe daardie perd so by die onderdeur vassteek, beland Jan binne-in Alet se skoot en SIEDAAR! Nog 'n paar.

Johanna Handford: Ja Nee, as mens die "looks" het kan jy nogal veel vermag. Ons kyk en wonder: Stille waters diepe grond - onder draai daar planne rond!

Marge Schoeman: Daai klavierspel… ons het die foto geneem vir Opsitkers en gaan hom laat plaas, want soveel talent kan nie ongesiens verbygaan nie.

Sarie van Zyl: Een skoot en sewe Swazi's val dood. Die polisie is nog steeds op soek…

"Trap vir Bybels" in Februarie 2008.

Die Bybelgenootskap bied vir 'n tiende agtereenvolgende jaar 'n verdienstelike projek aan om meer Bybels in verskillende tale beskikbaar te stel. Die geleentheid het op Vrydag 8 Februarie en Saterdag 9 Februarie 2008 plaasgevind as 'n manier om God se Koninkryk te laat kom in menige harte. Die projek het plaasgevind in die vorm van 'n fietsrygroep (160 km) – 'n Goeie Argus oefenlopie!

Monica Naudé van Bloemfontein Fietsryklub het ingewillig om hierdie toer vanaf 2008 onder hul beskerming te neem (t.o.v. elkeen se veiligheid en verkeersreëlings), asook dieselfde Saterdag 9de 'n prettrap gelykty dig in Bloemfontein aan te bied as deel van die 75ste herdenking van die Afrikaanse Bybelvertaling.

FOTO: By ons in die ateljee was Ds Gerrie van Dyk (STREEKHOOF) en Dawie Bornman

Randall Ispark Straatfees

Alet Pheifer stal haar kuns uit

"I'm too sexy for my dress"

Susan en Sarie

Gerda, Ignaz en Charles Rudd

Bart Cornelius en orkes

Goudkop Laerskool orkes

Sudoku! Raaisel

Overvaal Nuuslesers kan nou deel in die speletjie wat die wêreld aan die praat het. Sudoku, 'n verslawende raaisel van Japanese oorsprong, het onlangs opslae in Brittanje gemaak en is besig om vinnig te versprei.

Reëls:

Jou doel is om 'n syfer tussen 1 en 9 by elke blokkie van die rooster in te vul.
Begin by die nommers wat reeds verskaf is.
'n 9 x 9 rooster bestaan uit 3 x 3 subroosters, die sogenaamde areas.
Elke nommer mag slegs een keer voorkom in die onderskeie rye, kolomme en areas

9			6		4		2	
		1			7	6		4
	4							
		5		1		8		
2				7				5
		3	5					9
			1				3	
4	6				9			8

Hoe werk Sudoku?

1. Jy kry 'n 9X9 rooster met sommige blokkies wat reeds syfers in het. (soos regs bo)

2. Elke 3X3 vierkant mag die syfers 1 tot 9 slegs een keer bevat

6	2	4
1	7	3
8	9	5

1	3	8	9	7	5	6	2	
1								
8								
9								
2								
3								
5								
4								
7								

3. Elke dwars en af-lyn moet die syfers 1 tot 9 bevat en mag slegs een keer dwars en af voorkom.

Oplossing Des

4	9	2	1	3	8	5	6	7
8	3	6	9	5	7	2	1	4
1	7	5	2	6	4	3	8	9
2	1	4	7	8	5	9	3	6
9	6	3	4	1	2	8	7	5
5	8	7	6	9	3	4	2	1
3	2	1	5	7	9	6	4	8
6	5	8	3	4	1	7	9	2
7	4	9	8	2	6	1	5	3

Nuwe Vrystellings

Martin Lane: *Piano Love Songs*

Meesterstuk ★★★★★
Uitstekend ★★★★
Goed ★★★
Twyfelagtig ★★
Swak ★

Piano Love Songs
★★★★½

Dis nou al 'n geruime tyd wat ons Martin Lane na die ateljee genooi het. Wat 'n lekkerte dus toe hy sommer vroeg in die jaar hier gedraai het. Sy nuwe album is regtig iets wat op elkeen van ons rakke hoort. Martin, 'n boorling van Klerksdorp, se spesiale liefde vir musiek, iets waarmee hy groot geword het word duidelik in sy musiek gehoor. Die warmte wat hy in 'n musiekstuk in speel kom nie net omdat hy die regte note op die regte oomblik kan speel nie maar omdat die note hulle lêplek in sy hart gekry het en vandaar na klawerborde en orrelpype oorgedra word.

Hierdie nederige kunstenaar is al vir baie jare by die uitsaaiwese betrokke maar dit het niks aan die mens wat hy is, verander nie. Altyd vriendelik, altyd beleef altyd die ware kunstenaar. Sy nuwe album bestaan uit twee laserskywe met nie minder as 40 nommers nie. Hy sorg dus vir 'n dubbeldosis kwaliteit in een pakkie. Daar is al die ou-bekende en geliefde werke asook 'n paar nuwes. Veral De la Rey en 'n Ode aan oom Paul wys waar Martin se wortels lê. Dankie ook vir Grassade in die wind en Reën in die Kaap. Cat har ina is 'n ou bekende wat ek met groot opgewondenheid begroet het. Dankie weereens dat jy jou talent met ons almal deel. Hierdie laserskyf kry 4.5 sterre.

Mooi musiek meesterlik vertolk!

Dis wat ons dink...

	Juanita	Nic Stevens
Neels Brits	8/10	7.5/10
Johannie de Waal	9/10	7/10
Ignaz Streicher	8/10	8/10
Johann Malan	9/10	7/10
Frederick du Plessis	8/10	7/10
	8.4/10	7.3/10

Martin en Driekie

Ignaz en Martin

Programrooster

MAANDAG

06:00	Stasie Open	
06:05	Skriflesing en Gebed	4
06:10	Tussenspel	4
06:15	Ontbytjolyt	8
09:00	Oggendoordenking	1
09:30	Kortbeentjietyd	1
09:45	Vroueforum	1
11:00	Nuus	3
12:00	Met Raad & Daad	3
13:00	Agenda	6/9
14:00	Jongspan	6
15:00	Amandelbome	6
16:00	Oppad Huistoe	8
16:30	Nuus	8
17:00	Oppad Huistoe	9
17:30	Nuus	8
17:35	Kitsversoeke	8
18:30	Oordenking	8
18:45	Wat Gebeur Waar	8
19:00	Nuusoorsig	8
19:30	Netpret	1
20:30	Afrikultuur/Toeka	1
21:45	Strespleisters	9
22:30	Ek & Jy	9
23:45	Laataand Oordenking	9

WOENSDAG

00:00	Wakker Akker	●
05:00	Oggendgodsdiens	2
06:00	Ontbytjolyt	8
09:00	Oggendoordenking	6
09:15	Kortbeentjietyd	6
09:30	Bel my	6
10:00	Laat Die Wiele Rol	11
11:00	Nuus	3
12:00	Met Raad & Daad	3
13:00	Agenda	6/9
14:00	Jongspan	6
15:00	Country Halfuur	6
15:30	Afrikaanse Halfuur	6
16:00	Oppad Huistoe	3
16:30	Nuus	3
17:00	Oppad Huistoe	9
17:30	Nuus	3
17:45	Kitsversoeke	3
18:30	Oordenking	3
18:45	Wat Gebeur Waar	3
19:00	Nuusoorsig	8
19:30	Top 20	8
21:00	Blitsversoeke	Marius
22:00	Tiener Tempo	8/12
23:45	Laataand Oordenking	8

VRYDAG

00:00	Wakker Akker	●
05:00	Oggendgodsdiens	2
06:00	Ontbytjolyt	8
09:00	Oggendoordenking	1
09:30	Kortbeentjietyd	1
09:45	Vroueforum/Arbeidsake	1
11:00	Nuus	3
12:15	Met Raad & Daad	3
13:00	Agenda	6/9
14:00	Jongspan	6
15:00	Vrydagmiddag Musiek	6
16:00	Oppad Huistoe	6
16:30	Nuus	8
17:00	Ditjies en Datjies	8
17:30	Nuus	8
17:45	Weg / Natuurlik	1
18:30	Oordenking	1
18:45	Wat Gebeur Waar	1
19:00	Nuusoorsig	
19:30	Nuut op die rak	
20:00	Vrydagaand Versoeke	6/9
23:45	Laataand Oordenking	6/9

SATERDAG

00:00	Wakker Akker	●
05:00	Oggendgodsdiens	2
06:00	Ontbytjolyt	2
09:00	Naweeknetwerk	4
13:00	Nuus Om Een	*Jannie*
13:15	Saterdag Sport	*Jannie*
17:30	Nuus	10
17:35	Boeremusiek	10
18:30	Skemeruurtjie	10
18:45	Oordenking	10
19:00	Nuusoorsig	10
19:30	Country Halfuur	10
20:00	Saterdagaand Tuis	10
23:45	Laataand Oordenking	10
24:00	Stasie Sluit	

SONDAG

11:00	Oggend Erediens	
19:00	Aanddiens	3
20:00	Geestelike Top 10	1
20:45	Ons Gesels Met...	1
21:30	Boekvoorlesing	1
22:05	Gebedsversoeke	1
22:00	Uit my eie versameling	1
24:00	Stasie Sluit	

DINSDAG

00:00	Wakker Akker	●
05:00	Oggendgodsdiens	2
06:00	Ontbytjolyt	8
09:00	Oggendoordenking	1
09:30	Kortbeentjietyd	1
09:45	Vroueforum	1
10:30	Klassieke Keur	1
11:00	Nuus	2
12:15	Met Raad & Daad	2
13:00	Nuus Agenda	6/9
13:30	Landbou Agenda	2
14:00	Jongspan	6
15:00	Amandelbome	6
16:00	Oppad Huistoe	8
16:30	Nuus	8
17:00	Oppad Huistoe	9
17:30	Nuus	8
17:35	U keuse - my voorreg	8
18:00	Kitsversoeke	8
18:30	Oordenking	1
18:45	Wat Gebeur Waar	1
19:00	Nuusoorsig	1
19:30	Bybelvasvra	9
20:45	Finansiële Oorsig	9
21:00	Sake Van Die Dag	9
22:00	M & M	1/7
23:45	Laataand Oordenking	1/7

DONDERDAG

00:00	Wakker Akker	●
05:00	Oggendgodsdiens	2
06:00	Ontbytjolyt	8
09:00	Oggendoordenking	1
09:30	Kortbeentjietyd	1
09:45	Vroueforum	1
10:30	Klassieke Keur	1
11:00	Nuus	2
12:15	Met Raad & Daad	2
13:00	Nuus Agenda	6/9
13:30	Landbou Agenda	2
14:00	Jongspan (Geestelik)	6
15:00	Amandelbome	6
16:00	Oppad Huistoe	8
16:10	Weer	8
16:30	Nuus	8
17:00	Oppad Huistoe	9
17:30	Nuus	8
17:45	Kitsversoeke	8
18:30	Oordenking	1
18:45	Wat Gebeur Waar	1
19:00	Nuusoorsig	1
19:30	Kunstenaarsdebuut	1
20:30	WOW/Omgee (wissel elke week)	1
21:00	Laserskyf Weggee	10
21:30	Goue Oues	10
23:45	Laataand Oordenking	10



Kersfees 2007

Printing Things
Graphic Design and Printing

Ja hulle druk pamflette,
boeke, hemde, banniere
noem dit - hul doen dit!

rint@iafrica.com
tingthings.co.za
18 297 1319